NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 2 NOVEMBER 2016 OM 10:00

- MUNISIPALE BESTUURS- EN FINANSIESKOMITEE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl
Ondervoorsitter, rdl M A Rangasamy

Daniels, C	Papers, C H
De Beer, J M	Stanley, B J
Fortuin, C B	Stemele, O M
Goliath, M S I	Van der Westhuizen, R F
Humphreys, F S	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Wnde. Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Siviel), mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid toegestaan aan rdl L E Mfutwana en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR EN FINANSIES) GEHOU OP 5 OKTOBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur en Finansies) gehou op 5 Oktober 2016 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: SEPTEMBER 2016

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton, behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem – op navraag van rdl N S Zatu – dat die munisipaliteit wetlik verplig word om voorsiening te maak vir na-aftrede voordele, bv. bydra tot die mediese fonds van die afgetredene, en hierdie bydrae moet in die finansiële verslae gestipuleer word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M A Rangasamy, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk September 2016.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Bess, D G	Penxa, B J
Goliath, M S I	Smit, N
Maart, E S M	Sneewe, A M
McQuire, V D	Solomons, P E
Papers, C H	Stanley, B J

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Wnde. Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Siviel), mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:15 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan rdl L E Mfutwana.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIEL- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU OP 5 OKTOBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele en Elektriese Dienste) gehou op 5 Oktober 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: SEPTEMBER 2016

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

5.1.1/...

Die voorsitter, rdl R F van der Westhuizen, noem – op navraag van rdl A M Sneewe – dat die opknapping van die Gabriel Pharaoh sportgronde deel van die beplanning vorm rakende die opknapping van sportgronde in die Swartland munisipale gebied.

Die Snr Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann, noem – op versoek vanaf rdl B J Penxa – dat die verslae in Engels beskikbaar gestel sal word.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, noem dat dit moontlik was om die groot kragonderbreking in Yzerfontein spoedig te herstel, aangesien Swartland Munisipaliteit oor vaardige personeel beskik wat die probleem in minder as vier ure kon oplos.

M.b.t. die kragonderbreking in Moorreesburg noem die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste dat dit weens verouderde toerusting was en gee die versekering dat dit spoedig vervang sal word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk September 2016;

(b) Dat verdere kennis geneem word dat verslae vanaf die Direktoraat Siviele Ingeneursdienste in Engels beskikbaar gestel sal word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl P E Solomons
Ondervoorsitter, rdl M van Zyl

Bess, D G
Daniels, C
De Beer, J M
Fortuin, C B
Goliath, M S I
Maart, E S M
McQuire, V D
Philander, D B
Smit, N

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Wnde. Munisipale Bestuurder, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Siviel), mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:39 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan rdle Z Bekebu en L E Mfutwana.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU OP 5 OKTOBER 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie, Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 5 Oktober 2016 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT dat kennis geneem word van die skrywes van dank en waardering aan die Munisipaliteit Swartland soos met die sakelys gesirkuleer.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT ADMINISTRASIE

Geen

6./Sake...

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: SEPTEMBER 2016

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem dat die uitstaande ouditnavraag nie 'n behuisingskwessie was nie, maar wel 'n veiligheidskwessie en dit is alreeds afgehandel.

Ter inligting noem die Direkteur: Ontwikkelingsdienste verder dat die gemiddelde tydperk om die bouplanproses af te handel 15 dae beloop.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk September 2016.

8. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

8.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGS-TRIBUNAAL GEHOU OP 16 AUGUSTUS 2016

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, noem – op navraag van rdl D B Philander – dat die volledige verslae is beskikbaar by die Ontwikkelingsdienste departement vir besigtiging.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Beplanningstribunaal vergadering soos met die sakelys gesirkuleer.

9. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

10. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. BESKERMINGSDIENSTE

10.1 MAANDVERSLAG: SEPTEMBER 2016

10.1.1 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)

10.1.2 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, noem dat 'n kennisgewing in die plaaslike media geplaas is wat die aangewese plekke vir die afskiet van vuurwerke aandui en versoek dat die raadslede die munisipale beamptes sal bystaan met die regulering van vuurwerke, sowel as om die aangewese plekke in hul gemeenskap aan te dui.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl D B Bess)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeer- en Wetstoepassingsdiens asook die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk September 2016.

11. SAKE VIR AANBEVELING AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

11.1 SWARTLAND DIEREBESKERMINGSVERENIGING – KORT TERUGVOERING VAN STATISTIEKE OOR DIERE IN DIE SWARTLAND

Die Swartland Wetstoepassing- en Verkeersafdeling het die afgelope jare 'n baie goeie samewerking met die Swartland Dierebeskermingsvereniging (Swartland SPCA) wat in Darling gebaseer is.

Die Swartland Munisipaliteit gee jaarliks 'n donasie aan die Dierebeskermings-vereniging om hul behulpsaam in hul werksaamhede te wees, en dus doen hul verslag aan die munisipaliteit om lg. in te lig aangaande hul werksverrigtinge in die munisipale gebied.

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl V D Mcquire)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die dierestatistieke vir die Swartland munisipale area soos voorsien deur die Swartland Dierebeskermingsvereniging (SPCA) vir die periode 14 April 2015 tot 31 Maart 2016;

(b) Dat die verhouding van die Swartland DBV deur 'n Diensvlakooreenkoms *(SLA)* geformaliseer word.

(GET) P E SOLOMONS
VOORSITTER